

Hoofstuk van die dag: Numeri 11

> *Maar die Here het vir Moses gesê: “Dink jy Ek het nie die mag nie? Jy sal nou self sien of my woord bewaarheid word of nie.” (vers 23)*

Moses het twee probleme gehad. Hy kon nie sy werklas hanteer

nie. En hy was moedeloos, want hy kon nie die volk help met hulle vleislus nie.
Die Here se antwoord vang Moses onkant. Hy sê: Maar jy hét mos mense wat jou kan help. Bring sewentig van hulle na die tent van ontmoeting. En dan maak Hy Moses (en die leiers!) se oë daarvoor oop dat hulle ook, soos Moses, waardig is om die Gees van God te ontvang. Moses was nie so alleen soos hy gedink het nie! Hy was net nie gewoond om sy verantwoordelikhede met ander te deel nie.
Sy probleem was dat hy God probeer inperk het tot sy eie gebrekkige visie. Dit sien ons ook in sy reaksie toe God sê Hy sal genoeg vleis voorsien (vers 21).
Wat my verbaas, is die astrante manier waarop Moses met God praat (vers 11-15). Dis nie hoe ons dink ’n mens met God praat nie (vgl Pred 5:1). Tog verhoor God Moses se gebed!
Dalk is ons té vroom om openhartig voor God te wees?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026